# U BEREI DIE TAFEL VOOR MY AANGESIG TEENOOR MY TEËSTANDERS
## Psalm 23 vers 5

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Psalm 23:5 U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.**

**Psalms 23:5 You prepare a table before me in the presence of my enemies. You anoint my head with oil; my [*brimming*] cup runs over. AMPC**

-o0o-

Ek seën julle in die Naam van onse Here Jesus Christus. Laat my toe om vir julle manna/brood te bedien.

Ons is nou op die vooraand van Paasnaweek, waar dit vir ons as kinders van God, die grootste belewenis is, wat daar seker ooit in die mensdom se geskiedenis kon wees. Ek het die afgelope week baie vir die Here gebid en gevra vir 'n woord "*wat sal ek vir die kinders van God in hierdie tyd gee*?" Só 'n besonderse tyd, waar die wêrelddruk net swaarder en swaarder word. Dit lyk asof die ellendes, siektes, peste en kwale net toeneem. Dit wil voorkom asof die wêreld die oorwinning oor ons gekry het. Die druk, die finansiële druk, die geestelike druk en die druk van alle kante af, dit byna laat voel asof ons besig is om die stryd te verloor.

Dan begin 'n mens in jou menslike vlees baie kere te twyfel in die oorwinning wat daar regtig vir ons is. Ek wil egter vandag vir julle dit sê, ons as die kinders van God, is die enigste mense op aarde wat regtig **hoop** het. Dit is hartseer om te sê, dat van die meer as 8 biljoen mense op aarde, net 'n handjie vol die kind van God, die ware wedergebore kind van God, die Liggaam van Christus genoem word, en wat volgens die Woord van God regtig hoop het in Christus.

Kolossense 1:27 aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid.

Ek wil julle vandag bemoedig, veral nou, dit is vandag Donderdag. Môre sal ons die kruisiging herdenk, dan die Paasnaweek en die gebeure rondom dit.

Ek wil vandag vir julle 'n gedeelte in die Bybel gee, wat jou sal versterk en ek hoop en vertrou dat elke jaar met Paasnaweek, jy hierdie Skrifgedeelte sal lees en dat dit vir jou van nuwe betekenis sal wees. Dit is Psalm 23 vers 5.

**Psalm 23:5 U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders;**

Die Afrikaanse Bybel stel dit nie so duidelik as die Engelse vertalings nie. Die Engelse Bybel stel dit so: *You prepare a table before me in the presence of my enemies.*

The Names of God Bible stel dit baie mooi: *You prepared a banquet for me while my enemies were watching.*

### Wat Beteken Dit?

#### 1. BELOFTE

Die oomblik toe Adam en Eva gesondig het, en hul uit die tuin van Eden verwyder is, het God die Vader vir hulle die belofte gegee van die saad van die vrou wat die kop van die slang sal vermorsel. Omrede

die mens die outoriteit aan satan oorgegee het, het God die Vader, uit Sy groot liefde en genade vir ons as mensdom, dáár hierdie belofte gemaak. Daar sal 'n dag kom wanneer die saad van die vrou die slang se kop sal vermorsel; die bose sal ontklee en kragteloos, magteloos en gesagloos stel, en dit is wat ons hierdie naweek vier/herdenk.

Génesis 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

**2. FEESMAAL**

Die Vader het vir ons 'n tafel voorberei, '*a banquet'*. 'n 'Banquet' beteken dit is nie net 'n ete nie. Dit is 'n volledige feesmaal, ek wil amper sê, van allerhande spyse van jou keuse, wat op daardie tafel beskikbaar is.

**3. IN DIE OPENBAAR**

Maar dan gaan hy verder en sê '*You prepared a banquet for me while my enemies were watching. You prepared a table before me in the presence of my enemies'.* Hy het dit nie in die geheim gedoen nie.

- Hierdie Seun van God wat gekruisig is op Gólgota, het dáár in die openbaar, vir ons die oorwinning gebring, dáár het Hy die prys betaal.
- Daar het Christus aan die kruishout van Gólgota die tafel geword wat vir ons voorberei is.

Dit is waarom Hy in die nag waarin Hy verraai is, die brood geneem en gesê het *hierdie is My liggaam, hierdie is die brood van die lewe wat Ek vir julle gee.*

Lukas 22:19 Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.

Lukas 22:20 Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.

- *Ek is daardie tafel waarna die Vader verwys in Psalm 23 vers 5. Ek word nie in die geheim gekruisig nie, Ek word nie in die geheim voorberei nie. Ek gaan in die openbaar, daar waar al die vyande die oorwinning wat die Vader vir julle* ***in*** *My gebring het, kan aanskou.*

Al wat hierdie vyande kon doen, was om net te staan en toekyk. Ek het weer gedink aan die regte oorwinning wat God die Vader vir ons in Christus Jesus gebring het. Satan se plan om Christus te kruisig het so lelik in sy gesig geboemerang dat hy maar net magteloos kon toekyk.

**4. WAT HIERUIT VOORTVLOEI**

Selfs die hoofman oor honderd maak hierdie verklaring en sê:

Matthéüs 27:54 En toe die hoofman oor honderd en die wat saam met hom Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat daar gebeur, het hulle baie bevrees geword en gesê: Waarlik, Hy was die Seun van God.

Die natuur, die aardbewing, die duisternis en alles wat daarmee gepaard gaan, getuig saam dat Hy die Seun van God is. Wat 'n wonderlike gedagte dat die Vader vir ons 'n tafel voorberei het. Ons moet dit net aanneem en saam met Hom gaan aansit aan hierdie tafel.

- Hy is ons God, Hy is ons Vader, Hy is ons Here.
- Ons kan Sy spyse geniet, ons kan Sy vlees geniet, ons kan Sy bloed drink,
- Ons kan met Hom één word, want dit is die bloed in die Nuwe Testament. Dit is die enigste bloed wat nog nooit gesondig het nie, die enigste bloed wat ewiglewend is.

My vrou vra my vanoggend wat beteken *die nuwe testament in my bloed*. Ek het aan haar verduidelik dit is om deel te wees van Sy liggaam.

Die Ou Testament is afgesluit. Christus het die Ou Testament afgesluit en Hy het opgestaan in die Nuwe Testament, die ewiglewende testament. Daarom kan ons vandag daardie brood breek en die vlees eet en die bloed drink, die beker neem want ons het nie meer lewe in ons nie, maar Christus Jesus lewe in ons.

Dit is Sy lewe. Ons kan daardie oorwinning ons eie maak. Die wonderlikste van alles is dat hierdie hele wêreld met al sy verdrukking en al sy bitterheid en alles wat hy probeer, net magteloos kan toekyk.

Galásiërs 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Wat sê ek vandag?

- Dit is nie ons wat veronderstel is om so magteloos, moedeloos en kragteloos te voel nie, dit is die vyand.
- Dit is hy wat veronderstel is om so te voel want die Bybel sê, al wat hy kon doen was om net te staan en kyk. Terwyl hy gekyk het, het die Vader vir ons reeds hierdie oorwinning in Christus Jesus gebring.

**Waarskuwing:**

Dit is belangrik om nie enigeen aan jou tafel laat aansit nie. Wees seker dat diegene wat jy aan jou tafel laat aansit, skoon en rein en heilig is. Moenie die duiwel aan jou tafel toelaat nie, moet hom nie in jou lewe toelaat nie, moet hom nie deel maak van jou lewe nie, skop hom uit. Behou jou vryheid, behou jou oorwinning, behou dit wat die Vader vir ons gegee het in Christus Jesus, onse Here.

You prepared a banquet for me while my enemies were watching.

- Laat ons hulle in daardie plek hou!
- Laat die vyand die moedeloses, magteloses en kragteloses wees.
- Laat hy sê ... maar wat kan ek nog doen om die kind van God te beïnvloed?

Die lewe is nie altyd maklik nie, maar daarvoor is ons as die Liggaam van Christus Jesus daar, om vir mekaar te bid, mekaar te ondersteun, mekaar te dra. Mag die Here ons versterk in hierdie tyd.

Ek wil julle baie ryklik seën vandag en mag dit met julle goed gaan.

- Mag julle ‘n wonderlike Paasseisoen hê en
- Mag die Here Hom openbaar in die volheid van Sy krag en die volheid van Sy heerlikheid;
- Mag julle ‘n Goddelike tyd hê en
- Mag julle in hierdie Paasnaweek aan die tafel van die Here sit wat die Vader vir julle voorberei het, in die teenwoordigheid van julle vyande,
  - waar hulle magteloos gestaan en kyk het en niks kon doen nie,
  - want hulle weet die Vader het daardie tafel gedek.

As die Vader hom gedek het kan hulle geen vinger verroer om enige invloed aan daardie tafel te hê. Daardie tafel is Christus Jesus onse Here.

-o0o-

**Side note**: In the Bible, a banquet refers to a formal, joyful feast used to celebrate milestones, seal covenants, or demonstrate hospitality. Spiritually, it symbolizes God’s abundant grace, the joy of His presence, and the future Messianic feast (the "marriage supper of the Lamb"). Jesus often used banquets to represent the kingdom of God.